

Hierdie benaminge is net as 'n suggestie bedoel. Ons wou dit egter nie waag om verder te gaan en hulle in ons beskrywing van die wyse in te sluit nie; want terwyl ons die konserwatisme in ons onderwysstelsel ken, is ons bevrees, dat die meeste onderwysers van so 'n groot nuwigheid sou terugskrik, as hulle nie so ver sou gaan om dit as 'n taalkundige kettery te beskou nie. Die dogma heers nog kragtig in ons skole (en veral in ons eksamens!). Maar moontlik kan die hier gegewe beskouing mettertyd lei tot 'n frisser, gesonder en meer Afrikaanse behandeling van die onderwerp onder bespreking. Dr. D. F. Malherbe sê in sy Afrikaanse Taalboek: „By die onderwys van Afrikaans kan ons ons eie pad gaan”. Waarom doen ons dit dan nie?

§ 168. Die onbepaalde wys of die noemvorm van die ww.

Daar is nog 'n gebruik van die ww., wat die naam van wys dra, nl. die *onbepaalde wys* of *infinities*. Dis egter nie 'n gepaste naam nie, want die onbep. wys is maar net die *naam* van die ww., b.v.: *loop, sing, slaap*, en kan nie gebruik word om aan 'n sin 'n sekere bedoeling te gee nie. Dit kan nie eers op sigself die gesegde van 'n sin uitmaak nie, maar moet altyd 'n ander ww. daarby gebruik. Ons kan sê dis die *noemvorm* van die ww.

Dit het twee funksies, nl. om in verbinding met sekere ww. of met die woordjies *te* of *om te* 'n *werking* uit te druk, of om 'n werking voor te stel as 'n *selfstandigheid*. B.v.:

Ek wil trek. (Hier druk *trek* 'n werking uit.) *Jy hoef nie te trek* nie. (Weer 'n werking.)

Dis swaar om te dra. (Werking.)

Loop is 'n gesonde oefening. (Hier is *loop* as 'n selfstandigheid voorgestel.)

§ 169. Die onbep. wys kom voor:

1. Na die voorsetsel *te* of *om te*: *te loop; om te ry*.
2. As iemand iets *kan, wil, sal, mag, moet* of *durf* doen: *Ek kan skryf. Hy mag speel.*
3. As iemand iets *gaan, kom, bly* of *leer* doen: *Ek gaan skiet. Ek bly sit. Ek leer boekhou.*
4. As iemand 'n *ander* iets *sien, hoor* of *voel* doen: *Ek sien hom val. Ek voel die wind waai.*
5. As iemand 'n *ander* iets *laat, leer* of *help* doen: *Ek laat hom staan. Ek help hom pluk.*

6. In uitdrukkings soos: *Ek het hom hoor sing* (in pl. v. *gehoor sing*; sien § 171).
7. As abstrakte snw.: *Kritiseer is maklik, maar self beter doen is die kuns.*

OPMERKING. Die ww. *kan, wil, sal, mag, moet*, as hulle teen hulpww. is nie, en verder *durf, hoef en behoort*, kan nie anders gebruik word as met die infinitief van 'n ander ww. by hulle nie, en kan daarom *onselfstandige ww.* genoem word (Eng. verbs of incomplete predication).

§ 170. Besonderhede omtrent te of om te. NB

Te voor die infinitief word gebruik:

1. Na sekere ww. soos *behoort, hoef, is, lyk, val*; b.v.: *Jy behoort jou te skaam. Jy hoef jou nie te skaam nie. Daar is baie werk te doen. Sy lyk 'n goeie vrou te wees. Oor die smaak val nie te twis nie.*
 2. Na sekere voorsetsels, soos *alvorens, na, deur, met, in plaas van*, b.v.: *Alvorens met ons werk te begin sal ons eers, ens. Na die perd op stal te gesit het, gaan hy, ens. Deur die kraan oop te draai, kry jy die nodige water. Laat ons begin met die briewe te lees. In plaas van te antwoord, draai hy hom om.* N.B. Na neem die onbep. wys in die verlede tyd (§ 192).
 3. In sekere geykte uitdrukkings, wat ons uit Nederlands oorgehou het en waarin die onbep. wys nog eindig op die letter —e, (die oorblyfsel van die Nederl. infinitief-uitgang —en), soos b.v.: *Dis te hope. Dit het jy aan my te danke. Iets te wete kom. Dit was te verwagte. Hy gee iets te kenne. Daar is niks te vinde nie. Dit laat veel te wense oor.* ens.
- N.B. Soms kan 'n mens hoor: Daar is nog baie *te doene*, 'n bewys hoe sterk in sulke uitdrukkings die gevoel vir die infinitief is. In die skryftaal het daardie uitdrukking nog nie deurgedring nie.

Om te word gebruik:

1. Om 'n doel uit te druk: *Ek eet om te lewe. Hy doen sy bes om deur te kom.*
2. In bvgl. bepalings, wat die doel uitdruk waartoe 'n snw. moet dien: *'n Pen om mee te skrywe. 'n Bediende om in die tuin te help.*

3. As dit die ww. in 'n beknopte onderwerp- of voorwerpsin is:
 - a. Ond.sin: *Dit is swaar om altyd so te moet sukkel. Om die kinders so besig te sien, is regtig 'n plesier.*
 - b. Voorw.sin, veral by ww. soos *besluit, dink, reken, probeer, onderneem, gewoon wees, van plan wees*, ens.: *Ek dink om vanaand weg te gaan. Ek reken om môremiddag terug te kom. Ons het besluit om die kontrak te teken.*
4. As die inf. dien as bwl. bepaling by 'n bvgl. woord: *Daardie uitdrukking is swaar om te verstaan. Die kas is te klein om al my boeke in te sit. Hy het 'n gesig om bang van te word (= 'n gesig, lelik genoeg om, ens.).*
5. In beknopte bysinne na woorde soos *hoe, wat, sonder, wanneer, waar*, ens.:
Ek weet nie hoe om die ding reg te kry nie.
Ons weet nou wat om te doen.
Hy gaan weg sonder om sy werk klaar te maak.
 (Na sonder kan om ook wegbly.)
Ons het nie die minste aanwysing waar om te soek nie.
6. In die plek van 'n infin. sonder *te* of *om te*, veral as dit die ww. is van 'n beknopte onderwerpsin:
Om te loop (i. p. v. *loop*) *is 'n gesonde oefening.*

§ 171. Attraksie.

Die konstruksie, in § 169 onder 6 genoem, is die verl. tyd van die gevalle wat daar onder 3, 4 en 5 vermeld is. Die voorbeelde wat daar gegee is, sou in die verl. tyd (Kyk § 184) moet lui:

3. *Ek het gegaan skiet. Ek het gebly sit. Ek het geleer boekhou.*
4. *Ek het hom gesien val. Ek het die wind gevoel waai.*
5. *Ek het hom gelaat staan. Ek het hom gehelp pluk.*

En werklik word dit deur party Afrikaners, wat onder Engelse invloed staan, ook so gesê. Egter moet dit as foutiewe Afrikaans beskou word; die regte vorm vir daardie uitdrukkings is:

3. *Ek het gaan skiet. Ek het bly sit. Ek het leer boekhou.*
4. *Ek het hom sien val. Ek het die wind voel waai.*
5. *Ek het hom laat staan. Ek het hom help pluk.*

Hierdie idioom het sy ontstaan te danke aan die invloed van die tweede ww. op die eerste, waardeur die eerste die infinitief-vorm kry, omdat die tweede ook daarin staan. 'n Dergelike invloed van

'n woord op 'n ander, waardeur die beïnvloede woord sy logies korrekte vorm verloor en die vorm van die ander woord aanneem, word *attraksie* genoem.

§ 172. Infinitief met *en* daarvoor.

Na die ww. *staan*, *sit*, *lê* en *loop* volg dikwels 'n ander ww., wat uitdruk wat die onderwerp doen, terwyl hy staan, sit, ens. Die vorm waarin in die teenswoordige Nederlands die tweede ww. gesit word, is die infinitief met *te*, b.v.: *hij staat te praten*; *hij zit te lezen*, ens. Die Engelse idioom vereis in dié geval 'n verbinding van die twee ww. met *and*, en nie die infinitief nie; b.v.: *he stands and talks*; *he sits and reads*. Hierdie konstruksie kom ook voor in die 17de-eeuse Nederlands, waaruit Afrikaans ontstaan het. Nou is dit merkwaardig, dat Afrikaans die verbinding met *en* behou het, maar die tweede ww. net soos in die moderne Nederlands, as 'n infinitief voel; b.v.:

hy staan en praat; *hy sit en lees*; ens.

Dat die tweede ww. as 'n infinitief gevoel word, blyk in die verl. tyd, waarin die eerste, maar nie die tweede ww. nie, die vorm van die voltooide of verl. deelwoord aanneem; b.v.:

hy het gestaan en praat; *hy het gesit en lees*.

Ook blyk dit uit die posiesie van die tweede ww., as daar voorwerpe of bepalings by is; b.v.:

Hulle staan maar gedurig mekaar en aanky.

Hy sit urelank berekeninge en maak.

Want as die tweede ww. gevoel was soos die eerste, moes die konstruksie wees:

Hulle staan en kyk mekaar maar gedurig aan.

Hy sit urelank en maak berekeninge.

'n Enkele keer word die verbindende woordjie *en* ook weggelaat:

Hy het staan praat; dit hoor 'n mens veral in die Boland.

§ 173. Infinitief met *uitgang e*.

Net soos die letters *d*, *f* en *g* as eindletters van bnw. die eienaardigheid vertoon om 'n buigings-*e* agteraan te voeg, net so kry die infinitiewe wat op daardie letters uitgaan, partykeer ook 'n —*e* agteraan. Die saak is eintlik

só: In Nederlands gaan alle infinitiewe, behalwe *doen*, *gaan*, *slaan*, *staan*, *zien* en *zijn*, wat op *—n* uitgaan, en wat dit ook in Afrikaans behou het, op *—en* uit.¹⁾ In Afrikaans het hierdie uitgang van die ww. weggeval, maar na *d*, *f* en *g*, en in party ander ww. word dit nog dikwels aangetref in die vorm van 'n *—e*, terwyl dieselfde ww. ook sonder *—e* voorkom. Hierby val nog die volgende op te merk:

d. Ons het b.v.: *vinde*, *vind*; *melde*, *meld*; *worde*, *word*; *bidde*, *bid*. Die skryfwyse met *d* of *dd* is maar net 'n spellingkwessie. Na 'n lang klinker verander die *—d* vóór die *—e* in *i*, b.v.: *versmade* word in party streke *versmaai* (die *—e* is hier ook nog weggelaat), en daarnaas het ons *versmaad*; naas *kleed* het ons *klee*, wat ontstaan is uit *kleë*, waarin daar geen *i* geskryf word nie, maar tog gehoor word; op dieselfde manier *bied* en *bieë*.

Daar is ook enkele ww., waarvan die infinitief op *d* heeltemaal verdwyn het, veral die wat die klinker *ei* of *ui* het:

(Ned. <i>weiden</i>)	— <i>wei</i> , <i>weie</i> ;
(„ <i>uitweiden</i>)	— <i>uitwei</i> , <i>uitweie</i> ;
(„ <i>onderscheiden</i>)	— <i>onderskei</i> , <i>onderskeie</i> ;
(„ <i>wijden</i>)	— <i>wy</i> , <i>wye</i> ;
(„ <i>beduiden</i>)	— <i>bedui</i> , <i>beduie</i> ;
(„ <i>aanduiden</i>)	— <i>aandui</i> , <i>aanduie</i> ;
(„ <i>luiden</i>)	— <i>lui</i> , <i>luie</i> .

—**f.** Hier kry die lang vorm *—we*, en die verkorte vorm kry *—f*; dis maar weer 'n gevolg van dieselfde eienaardigheid in die Afrikaanse uitspraak wat ons reeds in § 130, 2 bespreek het. Ons het dus: *skrywe*, *skryf*; *lewe*, *leef*; *sterwe*, *sterf*; ens.

Daar is 'n paar van hierdie ww., wat in die kort vorm die *—f* verloor: *bly*, *gee*, *glo*.

—**g.** Die lang vorm, met *—ge*, ondergaan die verandering in die uitspraak, wat ons in § 130, 3 en § 152, l.c.

¹⁾ Op skrif ten minste; in die Nederlandse uitspraak is dit egter net soos by die meervoude, 'n *—e*. Hulle skrywe b.v.: *boeken om te lezen*, maar hulle sê: *boeke om te leze*. *Zijn* word in Afrikaans nie gebruik nie.

bespreek het. Dus het ons: *klaag* en *klae*; maar terwyl hier die dowwe —e-klank agter die helder —a-klank kom, verdwyn dit ook dikwels heeltemal in die uitspraak, en so verander *klae* in *kla*. Van party van hierdie ww. is, behalwe die vorm op —g ook altwee ander vorme in gebruik, soos in die geval van *klaag*, *klae*, *kla*. Maar van ander is alleen die vorm op —g en die op —e, en van weer ander die op —g en die sonder —e in gebruik.

So het ons: *meervoud*

<i>waag</i> ,	<i>wae</i>	<i>vraag</i> ,	<i>vra</i>
<i>saag</i> ,	<i>sae</i>	<i>jaag</i> ,	<i>ja</i>
<i>eg</i> ,	<i>êe</i> (Wat van <i>eg</i>)	<i>draag</i> ,	<i>dra</i>
<i>ryg</i> ,	<i>rye</i>	<i>leg</i> ,	<i>lê</i>
<i>bedrieg</i> ,	<i>bedrieë</i>	<i>seg</i> ,	<i>sê</i>
<i>ploeg</i> ,	<i>ploeë</i>	<i>kryg</i> ,	<i>kry</i>
<i>buig</i> ,	<i>buie</i>	<i>vlieg</i> ,	<i>vlie</i>
<i>getuig</i> ,	<i>getuie</i>	<i>veeg</i> ,	<i>vee</i>
<i>gedoog</i> ,	<i>gedoë</i>	Verder: <i>klaag</i> ,	<i>klae</i> , <i>kla</i>
<i>weeg</i> ,	<i>weë</i>	<i>sorg</i> ,	<i>sorge</i> , <i>sôre</i>
<i>berg</i> ,	<i>bêre</i>	<i>terg</i> ,	<i>terge</i> , <i>têre</i>

Die vorm op —g vertoon die neiging om so stadigaan uit Afrikaans te verdwyn.

Die deelwoorde.

§ 174. Net soos die infinitief op twee maniere gebruik kan word, nl. as ww. en as snw., so is daar nog 'n paar vorme van die ww., wat as ww. of as bnw. kan voorkom. Hierdie twee vorme word *deelwoorde* genoem, d.w.s. *ge-deelde woorde*, half ww. en half bnw. Die een word *teenwoordige* of *onvoltooide* deelw., die ander *verlede* of *voltooide* deelw. genoem.

§ 175. Die *onvoltooide deelwoord* word gevorm deur —end of —ende agteraan die ww. te sit; b.v.: *singend(e)*, *lopend(e)*, *staande*, ens. Dit word in Afrikaans meesal as 'n bnw. gebruik, en maar selde met werkwoordelike betekenis. In die meeste gevalle, waar dit as 'n werkwoord gevoel word, gebruik 'n Afrikaanse spreker lievers 'n volledige bysin. B.v. in plaas van:

Die groot gevaar siende, spring hy dadelik om, word in Afrikaans gewoonlik gesê: Toe hy die groot gevaar sien, spring hy dadelik om.

Tog is daar gevalle waarin die teenw. deelw. met werkwoordelike betekenis verkiesliker is; b.v.:

Uitgaande van die beginsel dat elke ouer verplig is om vir die opvoeding van sy kinders te sorg, bepleit die spreker 'n wetgewing, waarby... ens. 'n Sterk vloot, bestaande uit ag kruisers, ses slagskepe en 'n aantal torpedojaers, het toe uitgesail onder die bevel van Admiraal B., om die vyand 'n gedugte slag toe te bring.

Ook is daar baie uitdrukkings waarin 'n onvolt. deelw. tesame met die koppelw. is die gesegde van die sin uitmaak, b.v.: *Die arme man is nou al drie jaar lydende aan kanker. Die saak is nog steeds hangende.*

In gevalle waarin die onvolt. deelw. 'n bepaling van manier in die sin uitmaak, soos b.v.:

Luid roepende kom daar 'n man na ons toe, gebruik ons dikwels liewers 'n verdubbeling van die ww., b.v.:

Roep-roep het 'n man na ons toe gekom.

So ook:

Hy het fluit-fluit deur sy eksamen gekom.

Sing-sing aan hy die berg op.

Voorbeelde van die gebruik van die onvolt. deelw. as bnw. het ons in uitdrukkings soos: *'n oplettende hoorder; 'n bevredigende resultaat; 'n gerusstellende tyding; die singende voëls.*

Wat die naam „teenwoordige” deelw. betref, dit sê nie presies wat die woord bedoel nie. Partykeer tog druk hierdie deelw. nie 'n teenwoordige handeling uit nie, maar 'n verlede of toekomstige. B.v.:

1. *Hy het slapende ryk geword.*

2. *Jy sal nog drinkende tot jou verderf kom.*

In 1. is die slaap iets in die verlede; by 2. is die drink iets in die toekoms. Die naam „gelyktydige” deelw. sou dan beter pas. Maar „onvoltooide” deelw. is ook goed, want dit stel die handeling altyd voor asof dit nog aan die gang is (Vgl. *Voltooide en Onvoltooide tye*, § 193).

Die onvolt. deelw. word dikwels voorafgegaan deur die woordjie *al*; b.v.: *Al doende leer 'n mens.*

*„En stille, al stuiwend en stampend,
Kom stadig die wa agterna,
Die dowwe rooi stowwe al dampend
Tersy op die windjie gedra.”*

(J. CELLIERS)

§ 176. **Die verlede of voltooide deelw.** word gevorm deur *ge—* voor die ww. te sit.

1. *Ek het die hele dag skape geskeer.*
2. *Die geskeerde skape word eenkant geja.*

By 1. is *geskeer* ongetwyfeld 'n ww.; by 2. is dit 'n bnw. Die naam „verlede” is goed, want in altwee gevalle is die skeer verby. Maar teenoor die naam „onvoltooide” deelw. is die naam „voltooide” deelw. in hierdie geval te verkies; ook pas die laaste naam net so goed, omdat die werk van *skeer* klaar afgeloop is.

§ 177. Die voltooide deelw. word gebruik:

1. Om die *verl. tyd* van 'n ww. te maak (Kyk § 184).
2. Om die *lydende vorm* te maak (Kyk § 195).
3. As *bnw.*

§ 178. **Voltooide deelw. sonder *ge—*.**

a. Ww. wat reeds een van die voorvoegsels *be—, ge—, er—, her—, ont—* of *ver—* het, vorm die volt. deelw. sonder om *ge—* daarvoor te gebruik: *Ek het geniet; [ek het erken; ek het hom herken; ek het hom ontmoet; ek het die ding verander.*

Alleen die ww. met die voorvoegsel *wan—* kry *ge—*; b.v.: *Ek het hom lankal gewantrou.*

Gebetaal, *gevergeet*, en dgl. klink onopgevoed. Alleen die woord *glo*, waarin die voorvoegsel *ge—* (*geloof*) met die ww. saamgetrek is, neem *ge—*:

Ek het dit nooit geglo nie.

b. Ww. wat onskeikbaar samegestel is (Kyk § 197) kry nie *ge—* nie: *Ek het dit voorspel; jy het jou misgis; hy het 'n operasie ondergaan; ens.*

c. Ww. wat op *—eer* eindig, word ook dikwels sonder

ge— in die volt. deelw. gebruik: *Ons het 'n paar dae by hom loseer* (of *geloseer*). *Ek het dikwels probeer* (of *geprobeer*) om dit reg te kry.

§ 179. Volt. deelw. met of sonder —*d* agteraan.

a. Ww. wat eindig op *l, m, n, r* (onthou *meulenaar*) of ook op 'n klinkletter, kry in die volt. deelw. soms 'n —*d* agteraan, soms nie.

Die —*d* word dikwels, hoewel nie altyd nie, gebruik as die deelw. die karakter van 'n bnw. het. Maar as die woord meer of min as 'n ww. gevoel word, bly dit weg. Daarom word —*d* alleen maar gebruik, as die deelw. voorkom in verbinding met die hulpww. *is, was*. Maar ook dan nog nie altyd nie, want baiekeer voel ons die deelw. na *is* as 'n ww., b.v.: *Hy is tot hoof aangestel*. Maar in 'n sin soos: *My hart is beswaard oor my seun*, word die deelw. heeltemal as 'n bnw. gevoel, en is die —*d* korrek. Vgl.: *My neef het vir dokter geleer*, en: *Daardie professor is baie geleerd*.

b. As die ww., waarvan 'n bnw. afgelei is, nie meer as ww. bestaan nie, kan ons die deelw. ook nie meer as ww. beskou nie, en kry dit 'n —*d*; b.v.: *My vriend is nie eintlik ryk nie, maar tog wel gesteld*.

c. As die deelw. uit die klas van bnw. oorgaan na die van bywoord, kry dit —*d*; b.v.: *Hy is bepaald 'n bekwame man*.

OPMERKING. Hoewel die —*d* in gevalle soos die bostaande gebruik word, is daar tog 'n neiging om dit weg te laat, sodat verwag kan word dat hierdie letter in die verder ontwikkeling van Afrikaans meer en meer terrein sal verloor.

§ 180. Verboë vorme van die volt. deelw.

As die volt. deelw. as bnw. gebruik word, is —*de* die attributiewe buigingsvorm. B.v.:

<i>skil</i>	— <i>geskil</i>	— <i>geskilde aartappels</i> ;
<i>kam</i>	— <i>gekam</i>	— <i>gekamde hare</i> ;
<i>verbeter</i>	— <i>verbeter</i>	— <i>verbeterde metodes</i> .

In sekere gevalle word die *d* stemloos, en verander —*de* in —*te*, nl. as die ww. uitgaan op 'n stemlose mede-

klinker, soos *k, t, g* (na 'n kort klinker), en die egte *f* en *s*. B.v.:

uitsoek — *uitgesoek* — *uitgesoekte vrugte*;
uitput — *uitgeput* — *uitgeputte kragte*;
verwag — *verwag* — *verwagte hulp*;
straf — *gestraf* — *gestrafte nuuskierigheid*;
verwoes — *verwoes* — *verwoeste stede*.

Maar as die *g* op 'n lang of dowwe klinker volg, soos *verdroog*, *verdedig*, en as die *f* en *s* nie eg is nie, volg —*de* en nie —*te* nie:

verdroog — *verdroog* — *verdroogde gras*;
verdedig — *verdedig* — *verdedigde belange*;
kerf — *gekerf* — *gekerfde tabak*
vrees — *gevrees* — *gevreesde rowers*.

OPMERKING. Ons het hier weer die geval, wat in § 130 in verband met meervoude, en in § 152 in verband met buiging van bnw. bespreek is. (Kyk § 228, OPM. by —*heid*.)

§ 181. Daar is ww., wat behalwe die gewone volt. deelw. nog 'n ander het, wat uit Nederlands in Afrikaans oorgebly het, en *sterk volt. deelw.* genoem word. Hierdie ou sterk verl. deelw. gaan in Nederl. op —*en*, en dus in Afrikaans op —*e* uit, in teenstelling met die gewone, s.g. *swak volt. deelw.* wat in Nederl. op *d* of *t* uitgaan en daarom in Afrikaans in sy attributiewe vorm op —*de* of —*te* eindig. Die *sterk volt. deelw.* word net gebruik wanneer dit as bnw. diens doen, terwyl die gewone vorm altyd gebruik word, as die deelw. 'n werkwoordelike betekenis het. B.v.:

Ons het 'n komitee gekies.

Maar die komitee self noem ons 'n *gekose komitee*.

Die volgende is 'n lys van sterk volt. deelwoorde wat die meeste voorkom; hulle is gegroepeer volgens die klinkletters van ww. en deelw.:

y	e	Voorbeelde:
<i>kry, verkry</i>	<i>verkrege</i>	<i>verkrege regte.</i>
<i>ly, oorly</i>	<i>gelede, oorlede</i>	<i>gelede onreg; oorlede (oorlee) Pa.</i>
<i>ry, bery</i>	<i>berede</i>	<i>berede skutters, poliesie.</i>
<i>sny, besny</i>	<i>besnede</i>	<i>fyn besnede gelaatstrekke.</i>
<i>skryf, beskryf</i>	<i>beskrewe</i>	<i>beskrewe wette.</i>
<i>stry, bestry</i>	<i>bestrede</i>	<i>'n onbestrede mosie.</i>

i, e

begin
besin
bederf
bêre, verberg
bind
dwing
help

krimp, bekrimp
skend
swel
trek, betrek
wen, oorwen
wen, opwen
werp, verwerp

ie

bedrieg
bied, aanbied
verbied
kies
skiet, opskiet

ui

buig
sluit

ee

breek
verbreek
steek, ontsteek
deursteek
spreek, afsprek
sweer

ee, ê

gee
hef, verhef
lê
vergeet

e, oe

skep
doen

o

begonne
besonne
bedorwe
verborge
gebonde
gedwonge
geholpe

bekrompe
geskonde
geswolle
betrokke
oorwonne
opgewonde
verworpe

o

bedroë
aangebode
verbode
gekose
opgeskote

o

geboë
geslote

o

gebroke
verbroke
ontstoke
deurgestoke
afgesproke
geswore

e

gegewe
verhewe
geleë
vergete

a

geskape
gedaan

die *begonne* arbeid.
'n *onbesonne* daad.
'n *bedorwe* kind.
verborge talente.
'n *gebonde* lewe.
gedwonge dienste.
ons kon nie *geholpe* raak
nie.

bekrompe geldmiddele.
geskonde eer.
'n *geswolle* styl.
die lug is *betrokke*.
die *oorwonne* vyand.
'n *opgewonde* menigte.
'n *verworpe* voorstel.

bedroë hoop.
aangebode hulp.
verbode vrug.
'n *gekose* komitee.
'n *opgeskote* seun.

met *geboë* hoofde.
'n *geslote* karakter.

'n *gebroke* stem.
verbroke vriendskap.
'n *ontstoke* wond.
'n *deurgestoke* kaart.
'n *afgesproke* teken.
geswore vyande.

my *gegewe* woord.
'n *verhewe* gedig.
'n mooi *geleë* stad.
'n *vergete* burger.

'n *welgeskape* seun.
gedane sake.


b. Tyd.

§ 182. Die tyd, waarin ons lewe, noem ons die *teenwoordige* tyd; die tyd, wat al verby is, noem ons *verlede*. Soms dink ons al vooruit na die tyd, wat nog moet kom: dis die *toekomende* tyd. Elke mens of sy voorouers het die verlede tyd belewe, en hy belewe nou die teenwoordige tyd; die toekoms het nog niemand belewe nie: ons kan net vooruit dink daaraan, en by voorbaat daarvan praat.

Maar ons kan ons ook met ons gedagte na 'n verlede tydstip verplaas en daarvandaan nog verder agteruitdink aan dinge wat al van tevore gebeur het, en wat dus op daardie tydstip ook reeds verlede was; of ons kan ook daarvandaan dink aan dinge, wat op daardie tydstip nog in die toekoms gelê het. Al hierdie genoemde betrekkings, waarin 'n handeling tot die tyd kan staan, kan met die werkwoord self of met behulp van hulpwerkwoorde uitgedruk word.

Die vorm, waarin ons uitdruk, dat iets nou, op die teenwoordige oomblik gebeur, noem ons die *teenwoordige tyd* van die ww. Die vorme, waarin ons uitdruk, dat 'n handeling vroeër plaasgevind het, of nog moet plaasvind, word resp. die *verlede* en die *toekomende tyd* van die ww. genoem. Van die ander twee, wat by 'n verlede tydstip begin dink, noem ons die eerste, wat vermeld dat 'n handeling al vóór daardie tydstip plaasgevind het, die *voorverlede tyd* ¹⁾; en die ander, wat uit die verlede uit die toekoms ingaan, die *verlede toekomende tyd*.

Die volgende skets sal dit ophelder:



Die dik reguit pyl stel die tyd voor: die punt is die teenwoordige oomblik, en die veer 'n tydstip in die verlede. Die dun geboë pyle wys die loop van ons

¹⁾ Vgl. die Franse naam: *passé antérieur*.

gedagte aan. Verder verklaar die tekening homself, maar sal deur die volgende beskouing nog duideliker word.

OPMERKING. Die name: teenwoordige *tyd*, verlede *tyd*, ens. is verkortinge van die name teenw. of verl. *tydvorm* van die ww.

§ 183. In die **teenwoordige tyd** word die ww. in onveranderde vorm sonder hulpww. by sy onderwerp gevoeg: *ek loop; jy praat; hy kom; ons werk*; ens.

§ 184. Die **verlede tyd** word op twee maniere uitgedruk:
a. Deur die *teenwoordige tydvorm*. Hierby kry die hoorder die indruk van verledenheid ¹⁾ deur die verband, waarin die ww. voorkom, of deur die toevoeging van 'n tydbepalende woord soos *gister, verlede Dinsdag, vanoggend* (as dit nou reeds agtermiddag of aand is), *toe*, ens. B.v.: *Gister kom my oom onverwags by my. Toe gooi ek ook somar my werk neer en gaan met hom sit en gesels.*

N.B. Hierdie soort verlede tydvorm word ook soms die *historiese teenw. tyd* genoem.

b. Deur die hulpww. *het* en die *volt. deelw.*; b.v.: *Ek het gister 'n brief ontvang. Ons het gister pannekoek geëet.*

By sommige ww. gebruik ons *is* in plaas van *het*: *Die trein is om agtuur al aangekom.*

Hierdie gebruik klink egter styf en is dan ook besig om te verdwyn.

§ 185. Werkwoorde met besonder verl. tydvorm.

Daar is 'n tiental ww., waarvan die verl. tyd nog die Nederlandse vorm *het*; party daarvan het net die een verl. tyd, en party het die een en ook die gewone met *het*. Hier volg hulle.

Teenw. tyd:

Verl. tyd:

<i>ek is</i>	<i>ek was</i>
<i>ek het</i>	<i>ek had, of het gehad</i> (alleen as hoofww.)
<i>ek sal</i>	<i>ek sou</i>
<i>ek wil</i>	<i>ek wou, of het gewil</i>
<i>ek mag</i>	<i>ek mog</i> (alleen as modale hulpww.)

¹⁾ Ons weet nie of hierdie woord al ooit gebruik is nie, maar dis die beste wat ons kan kry om uit te druk wat ons bedoel.

ek <i>kan</i>	ek <i>kon</i>
ek <i>moet</i>	ek <i>moes</i>
ek <i>word</i>	ek <i>werd</i> of <i>het</i> <i>geword</i>
ek <i>weet</i>	ek <i>wis</i> of <i>het</i> <i>geweet</i>
ek <i>dink</i>	ek <i>dag, dog</i> of <i>het</i> <i>gedink</i> .

Die volgorde waarin die twee of drie vorme van 'n ww. in hierdie lysie gesit is, dui nie die meerder of minder gebruik aan nie.

Het gewil kan alleen gesê word as dit nie van 'n ander ww. vergesel is nie: *Jy het dit self gewil*. Maar met 'n ander ww. saam moet die ander vorm gebruik word: *Jy wou dit nie doen nie; jy wou dit nie gedoen het nie*.

Dis verkeerde Afrikaans om te sê: *Jy het dit wil doen; jy het dit moet doen; jy het dit kan doen*; ens.

§ 186. Die voorverlede tyd.

Dit vertel iets, wat al klaar afgeloop was, toe 'n ander iets in die verlede gebeur het. B.v.: Ek vertel, dat ek gistermiddag by my neef gekom het; al van tevore het my neef, met wie ek sou uitgaan, die kar ingespan, sodat dit al klaar gestaan het, toe ek daar kom. As ek nou die twee gebeurtenisse in verband met mekaar vertel, dan kan ek sê:

Toe ek gistermiddag by my neef kom, had hy sy kar al ingespan, sodat ons dadelik kon ry.

Hierdie tydvorm van die ww. word egter maar min gebruik, en dit lyk of dit aan 't verdwyne is. Daarvandaan dan ook dat ons die begrip van verder verlede, wat deur die woordjie *het* uitgedruk word, versterk deur die toevoeging van woordjies soos *al, klaar*, en dgl., en dat die bo-staande sin ook deur baie Afrikaners só gesê word:

Toe ek gistermiddag by my neef kom, het hy sy kar al klaar ingespan, ens.

OPMERKING: *Ingespan gehad*, soos party sê, is af te keur.

§ 187. Die toekomende tyd sê iets, wat nog moet gebeur. Dit word gemaak met die teenw. tyd van die hulpww. *sal* en die infinitief van die ww. *self*; b.v.:

Ek sal 'n brief skryf. Ons sal volgende week 'n piekniek hou.

Die ww. *gaan* het 'n neiging om ook 'n hulpww. van die toek. tyd te word. Dit word ten minste nou en dan so gebruik, b.v.:

Ons gaan vanaand reën kry. Daar gaan 'n groot tentoonstelling wees in Bloemfontein.

§ 188. **Die verlede toek. tyd** vertel van iets, wat nog moes gebeur op 'n sekere tydstip in die verlede. B.v.: Op Maandagoggend praat ek met iemand af, dat ons die aand gesamentlik na 'n konsert sal gaan. Ek vertel dit op Dinsdag aan iemand. Nou lê die maak van die afspraak in die verlede, en die konsert was op die oomblik van die afspraak in die toekoms. Dit druk ons uit deur die verl. tyd van die hulpww. *sal*, nl. *sou*. Die afspraak self het op Maandagmôre só gelui:

Ons sal vanaand konsert-toe gaan.
(of ook: *Ons gaan vanaand*, ens.)

Maar op Dinsdag word dit met die volgende woorde oorvertel:

Gistermôre het Jan en ek afgepraat, dat ons in die aand na die konsert s o u g a n.

N.B. Dit word deur party skrywers verwar met die voorwaardelike wys, wat ook die woord *sou* gebruik. Die verskil in betekenis is egter duidelik genoeg. In die voorw. wys sê ons b.v.:

As ek kon, sou ek jou help.


Hieruit verstaan die toegesproke persoon, dat ek hom nie kan help nie; *ek s o u j o u h e l p* druk dus geen werklikheid uit nie, maar iets wat afhang van 'n onware veronderstelling. Maar in die sin:

Jy het belowe, dat jy my sou help,


is geen veronderstelling nie, maar 'n versekering van 'n waarheid. Dis daarom die *aantonende wys*, *verlede toek. tyd*, terwyl *sou help* in die ander voorbeeld *teenw. tyd* is, en wel van die *voorwaardelike wys*.

Die handeling wat in die verl. toek. tydvorm staan, kan op die teenwoordige oomblik al verby wees, of dit kan nog steeds in die toekoms lê. Die laaste is die geval, as in die gegewe voorbeeld die konsert nie op Maandagaand

nie, maar b.v. op Woensdagaand of later plaasvind. Die eerste geval kan só uitgeteken word:



Die tweede op die volgende manier:



Die geboë pyle wys die loop van die spreker se gedagte aan.

§ 189. Tye van die wensende wys.

Die wensende wys het net 'n *teenwoordige* en 'n *verlede* tyd; die eerste wens dat iets *nou* moet gebeur, b.v.:

Mag (of: mog) hy maar deur sy eksamen kom.

Die ander wens dat iets al mag gebeur het:

Mag (of: mog) hy maar deur sy eksamen gekom het.

Die teenw. tyd gebruik dus die hulpww. en die teenw. tyd van die infinitief; die verl. tyd gebruik die hulpww. en die verl. tyd van die infinitief (Kyk § 192).

§ 190. Tye van die voorwaardelike wys.

Die voorw. wys het ook twee tye: die teenw. en die verl. tyd. Die eerste veronderstel dat iets wat onmoontlik of onwaarskynlik is, *nou* moet gebeur, en sê wat die gevolg sou wees, as dit gebeur; b.v.:

Ek sou seker kom, as ek tyd had (of: het).

Die ander veronderstel dat iets onmoontliks of onwaarskynliks reeds plaas gehad het, en wat dan die gevolg sou gewees het; b.v.:

Ek sou seker gekom het, as julle my gevra het.

Merk hierby op, dat die voorwaarde hier die vorm het van die aantoonende wys (gevra *het*), maar die bedoeling is nietemin 'n veronderstelling en nie 'n feit nie. Die werkwoorde van § 185, wat nog hulle ou Nederlandse

verl. tyd behou het, word in 'n sin in die voorw. wys nog taamlik gereeld in dié vorm gebruik; hoewel hulle dan die betekenis van 'n teenw. tyd kan hê; b.v.:

wou: As jy my tog maar wou help, sou ek gou klaar wees.

mog: As dit eendag mog gebeur, sou alles weer reg kom.

kon: As ek kon, sou ek jou graag help.

moes: As ek nie op reis moes gaan nie, sou ek vandag tuis bly.

Ens.

§ 191. **Die gebiedende wys** het maar een tyd, nl. die *teenwoordige: loop, werk, hoor!* Die handeling gebeur egter altyd *nadat* dit gesê word, en dus het die geb. wys altyd 'n enigins toekomstige betekenis.

§ 192. **Tye van die infinitief.**

Die infinitief het twee tye: die *teenwoordige* en die *verlede tyd*. Die eerste is die ww. soos dit is: om te *loop*, om te *werk*, om te *hoor*. Die ander bestaan uit die volt. deelw. met die hulpww. *het*:

om te geloop het; om te gewerk het; om te gehoor het.

Die woordjie *het* is hierby enkliteties, en behoort dus nooit op 'n ander plek as net na die ww. gebruik te word nie. B.v.:

Jy behoort dit te gedoen het.

Na die outoriteite te gegroet het, begin die spreker toe dadelik met sy rede.

Jy moes dit van tevore gesien het.

Ek wou dit anders nie gedoen het nie, maar die omstandighede het my gedwing.

§ 193. **Voltooid en onvoltooid.**

Daar is by die onderskeiding van die tye van 'n ww. partykeer sprake van *voltooide* en *onvoltooide* tye. *Voltooid* wil sê dat die handeling op die oomblik waarvan ons praat, al klaar afgeloop is; *onvoltooid* gee te kenne dat die handeling op daardie oomblik nog aan die gang is. Ons verkeer b.v. met ons gedagte in die *teenwoordige*, en praat van twee handelinge; b.v.: 'n brief *skryf*, en die

brief 'n slag *oorlees*; die eerste is klaar, en die tweede is ons besig om te doen. Nou kan ons sê:

Ek het 'n brief geskryf, en nou lees ek dit 'n slag oor.

Het geskryf druk uit, dat die werk van skrywe op die oomblik waarvan ons praat, al verby is; dis dus *voltooid*. *Lees*, aan die ander kant, druk uit, dat hierdie handeling nou net aan die gang is: dis dus nog *onvoltooid*. Daarom word *het geskryf* dikwels genoem die *voltooid teenw. tyd*, en *lees* die *onvoltooid teenw. tyd*. Maar dis tegelykertyd duidelik, dat die *voltooide* werk iets is, wat in die verlede lê; daarom word 'n vorm soos *ek het geskryf* in die Afrikaanse grammatika gewoonlik die *verlede tyd* genoem.

Op dieselfde manier kan ons sê dat die werkwoorde in die sin:

Toe ek gisteraand tuis kom, sien ek dat die stal aan brand staan,

in die *onvoltooid verl. tyd* staan. As ons dan daarby voeg:

My vrou had toe ook al iets daarvan gemerk,
dan kan ons *had gemerk* die *voltooid verl. tyd* noem, omdat dit iets vertel wat op die oomblik waarvan ons praat, al verby was. Maar die naam, wat ons in § 186 hiervoor gebruik het, nl. *voorverlede tyd*, sê baie duideliker wat hierdie vorm van die ww. bedoel. Met betrekking tot die *teenw.* en *verl. tyd* het die name *voltooid* en *onvoltooid* ook maar min waarde.

Met opsig tot die *toek.* en *verl. toek. tye* is dit 'n bietjie anders gesteld. As ek b.v. sê:

As jy môre terugkom, sal ek die koeie al gemelk het,
dan druk die *verm:* *ek sal gemelk het*, uit, dat hierdie werk op die toekomstige oomblik wat ek noem, al kaar sal wees. Dieselfde is die geval in die volgende sin in die *verl. toek. tyd*:

Jy het my lankal belowe, dat jy voor die end van die maand my kar sou geverf het.

Maar hierdie vorme word maar min gebruik. Die enkele kere wat hulle voorkom, kan die terme *voltooid toek.* en *voltooid verl. toek. tyd* toegepas word, om hulle van die gewone *toek.* en *verl. toek. tye* te onderskei.

Die enigste werkwoordelike vorme wat dikwels voorkom,

en waarby hierdie name werklik goeie diens kan doen, is die *deelwoorde* (Kyk § 175).

OPMERKING. Die ouer skrywers gebruik die terme „*volmaakte*” en „*onvolmaakte*” tye. Hierdie woorde is somar klaklose vertalings van die Latynse „*perfectum*” en „*imperfectum*”; maar die vertalers het nie daaraan gedink, dat „*volmaak*” die betekenis het van „sonder gebrek” nie, wat glad iets anders bedoel as die term „*voltooid*”, d.i. *geëindig* of *klaar*; en dat „*onvolmaak*” soveel beteken as „*gebrekig*” en nie „*nog aan die gang*” nie.

§ 194. Verwisseling van tydvorme.

Ons het in § 184 al gesien dat die teenw. tydvorm van 'n ww. dikwels gebruik word om 'n verlede tyd uit te druk. Op dieselfde manier word die teenw. tydvorm ook partykeer gebruik om 'n toekomstige tyd aan te dui; b.v.:

Môre kom Oom Hans by ons.

Aanstaande Sondag preek Ds. B.

Ook die verlede tyd met *het* of *is* kan gebruik word om 'n voltooide handeling in die toekoms aan te dui. Sê b.v. daar is iemand op reis na Delagoabaai, waar hy Woensdagaand kan aankom. Op Woensdagoggend sê een van sy vriende, terwyl hulle oor hom praat:

Môre om die tyd het hy die son al oor die groot water sien opkom.

Dit staan in die plek van:

Môre om die tyd sal hy die son al oor die groot water sien opkom het.

Uit die gegewe voorbeelde blyk duidelik, dat die verwisseling van tydvorme baie kan bydra tot verlewending van die voorstelling.

c. Vorm.

§ 195. In 'n bedrywende sin (Kyk § 54) staan die ww. in die bedrywende vorm; in die lydende sin in die lydende vorm. Die lydende vorm word gemaak met die hulpww. *word* en die voltooide deelw. van die hoofww. In die s.g. voltooide tye (§ 193) kry die ww. *word* gewoonlik hulp van die hulpww. *het*, b.v.: *Ek het siek geword*; maar as *word* gebruik word as hulpww. van die lydende vorm, maak hy dieselfde tye met die hulpww. *wees*; en daarby het ons dan die merkwaardige verskynsel, dat

die woord „geword” self weggelaat word; sodat ons b.v. in plaas van:

Die perd is geleer geword,
sê: *Die perd is geleer.*

In plaas van: *Die huis is in 1897 gebou geword,*
sê ons: *Die huis is in 1897 gebou.*

Die tye van die Aantonende wys in die lydende vorm is as volg:

Teenw. t.: *ek word gestraf;*
Verl. t.: *ek is gestraf* (geword word weggelaat),
of: *ek werd gestraf;*
Voorverl. t.: *ek was gestraf* (geword word weggelaat);
Toek. t.: *ek sal gestraf word;*
Verl. toek. t.: *ek sou gestraf word;*
Volt. toek. t.: *ek sal gestraf wees* (vir gestraf geword wees).

OPMERKING. Ons het in § 64 en § 66 gesien, dat net die lydende vw. van 'n bedr. sin die onderw. van 'n lydende sin kan word. Maar daar is ook 'n gebruik van die lydende vorm van die ww. sonder onderwerp, in 'n soort van onpersoonlike lydende sin. B.v.:
Daar word baie oor die voorval gepraat.

Hierdie sin is ekwiwalent met 'n bedrywende sin waarvan die ond. 'n onbepaalde vnw. is, b.v.:

Hulle (of: *Die mense*) praat baie oor die voorval. 'n Logiese ontleding (§ 59) van die eerste sin laat egter die persone, wat die werking verrig, heeltemal buiten bespreking; want die bedoeling van die sin is:

Baie praterij oor die voorval vind plaas.

In die grammatiese ontleding behoort ons die woordjie „daar” te beskou as die opvuller van die onderwerp se leë plek, en dan noem ons dit: die *grammatiese* ond. As in die onpersoonlike lydende sin melding gemaak word van die persoon wat die werking verrig, word dit voorafgegaan deur die voorsetsel *deur*; b.v.:

Daar word deur die mense baie oor die voorval gepraat.

§ 196. *Besonderhede omtrent party ww. (Onreëlmatige en gebrekkige ww.).*

Party ww. wyk in die een of ander opsig van die gewone vervoeging af. Hulle word *onreëlmatige* ww. genoem. As hulle nie in al die vorme van 'n gewone ww. kan voorkom nie, noem ons hulle *gebrekkig*.

1. *Wees.*

Infin.: *te wees*

Onvolt. deelw.: *synde* (word maar min gebruik)

- | | | |
|---------------|---------------------------------------|--|
| Volt. deelw.: | <i>gewees</i> | |
| Teenw. tyd: | <i>ek is</i> | |
| Verl. tyd: | <i>ek was</i> (of <i>het gewees</i>) | |
| Geb. wys: | <i>wees</i> | |
2. *Het.*
- | | | |
|-----------------|--------------------------------------|--|
| Infin.: | <i>te hê</i> | In die vult. infin. van 'n hoofww. word as infin. van hierdie hulpww. <i>het</i> gebruik: <i>om te gehoor h e t</i> ; dus nie: <i>om gehoor te hê</i> nie. |
| Onvolt. deelw.: | <i>hebbende</i> | |
| Volt. deelw.: | <i>gehad</i> | |
| Teenw. tyd: | <i>ek het</i> | |
| Verl. tyd: | <i>ek had</i> (of <i>het gehad</i>) | |
| Geb. wys: | <i>ontbreek</i> | |
3. *Sal.*
- | | |
|-----------------|-----------------|
| Infin.: | <i>ontbreek</i> |
| Onvolt. deelw.: | <i>ontbreek</i> |
| Volt. deelw.: | <i>ontbreek</i> |
| Teenw. tyd: | <i>ek sal</i> |
| Verl. tyd: | <i>ek sou</i> |
| Geb. wys: | <i>ontbreek</i> |
4. *Kan.*
- | | | |
|-----------------|-----------------|---|
| Infin.: | <i>te kan</i> | In verbinding met <i>sou</i> ondergaan <i>kan</i> dikwels attraksie; b.v.: <i>ek sou dit kon doen</i> , i. p. v. <i>ek sou dit kan doen</i> . |
| Onvolt. deelw.: | <i>ontbreek</i> | |
| Volt. deelw.: | <i>ontbreek</i> | |
| Teenw. tyd: | <i>ek kan</i> | |
| Verl. tyd: | <i>ek kon</i> | |
| Geb. wys: | <i>ontbreek</i> | |
5. *Mag.*
- | | |
|-----------------|-----------------|
| Infin.: | <i>te mag</i> |
| Onvolt. deelw.: | <i>ontbreek</i> |
| Volt. deelw.: | <i>ontbreek</i> |
| Teenw. tyd: | <i>ek mag</i> |
| Verl. tyd: | <i>ek mog</i> |
| Geb. wys: | <i>ontbreek</i> |
6. *Moet.*
- | | | |
|-----------------|-----------------|--|
| Infin.: | <i>te moet</i> | In verbinding met <i>sou</i> ondergaan <i>moet</i> dikwels attraksie; b.v.: <i>ek sou dit moes doen</i> , i. p. v. <i>ek sou dit moet doen</i> . |
| Onvolt. deelw.: | <i>ontbreek</i> | |
| Volt. deelw.: | <i>ontbreek</i> | |
| Teenw. tyd: | <i>ek moet</i> | |
| Verl. tyd: | <i>ek moes</i> | |
| Geb. wys: | <i>ontbreek</i> | |

7. *Wil.*

Infin.:	<i>te wil</i>	
Onvolt. deelw.:	ontbreek	In verband met <i>sou</i> ondergaan <i>wil</i> dikwels attraksie; b.v.: <i>ek sou dit wou doen</i> , i. p. v. <i>ek sou dit wil doen</i> .
Volt. deelw.:	<i>gewil</i>	
Teenw. tyd:	<i>ek wil</i>	
Verl. tyd:	<i>ek wou</i>	
Geb. wys:	ontbreek	

OPMERKING. Die volt. deelw. *gewil* kan alleen gebruik word as *wil* 'n hoofww. is; b.v.: *Jy het dit self so gewil*.

§ 197. **Vervoeging van samegestelde ww.**

Samegestelde ww. (Kyk § 238) word met betrekking tot hulle vervoeging in twee soorte onderskei, nl. *skeibare* en *onskeibare* ww. By die eerste soort word die twee dele van die woord in die vervoeging van mekaar geskei; by die ander gebeur dit nie.

Die skeiding gebeur op die volgende manier:

In die *teenw. tyd* word die voorste deel van die woord agteraan gesê (en by die skrywe los agteraan gesit). Dit gebeur egter alleen in hoofsinne; in bysinne bly die woord net soos hy is; b.v.:

voorskryf: *ek skryf voor; dat ek voorskryf.*

goedkeur: *keur jy dit goed? of jy dit goedkeur.*

uitreken: *hy reken dit uit; terwyl hy dit uitreken.*

In die volt. deelw. word die voorvoegsel *ge—* tussen die twee dele van die ww. gesit, en dit word aanmekaar geskrywe:

voorgeskryf; goedgekeur; uitgerek.

§ 198. **Skeibare en onskeibare ww. samegestel met voorsetsels.** Party ww. wat met *aan, agter, deur, om, onder, oor, mis* en *weer* samegestel is, is skeibaar; ander weer onskeibaar. As so 'n ww. in die uitspraak die *klemtoon op die eerste deel* het, is dit skeibaar; met die *klemtoon op die laaste deel* is dit onskeibaar. B.v.:

Skeibaar:

aankyk: *ek kyk aan, ek het aangekyk;*

agterbly: *ek bly agter, ek het agtergebly;*

deurroer: *ek roer deur, ek het deurgeroer;*

omdraai:	ek <i>draai om</i> ,	ek het <i>omgedraai</i> ;
onderlê:	ek <i>lê onder</i> ,	ek het <i>ondergelê</i> ;
oorlees:	ek <i>lees oor</i> ,	ek het <i>oorgelees</i> ;
misskiet:	ek <i>skiet mis</i> ,	ek het <i>misgeskiet</i> ;
weersien:	ek <i>sien weer</i> ,	ek het <i>weergesien</i> .

Onskeibaar:

aanskou:	ek <i>aanskou</i> ,	ek het <i>aanskou</i> ;
agterhaal:	ek <i>agterhaal</i> ,	ek het <i>agterhaāl</i> ;
deurgrond:	ek <i>deurgrond</i> ,	ek het <i>deurgrond</i> ;
omskryf:	ek <i>omskryf</i> ,	ek het <i>omskryf</i> ;
onderwerp:	ek <i>onderwerp</i> ,	ek het <i>onderwerp</i> ;
oortuig:	ek <i>oortuig</i> ,	ek het <i>oortuig</i> ;
mismaak:	ek <i>mismaak</i> ,	ek het <i>mismaak</i> ;
weerspreek:	ek <i>weerspreek</i> ,	ek het <i>weerspreek</i> .

§ 199. Dieselfde woord kan soms *skeibaar* of *onskeibaar* wees, maar met *verskil in betekenis*:

ondergaan: *die son gaan onder*; *het ondergegaan*.

ondergaan: *hy ondergaan 'n operasie*, *het 'n operasie ondergaan*.

déurloop: *ek loop my voet deur*, *het my voet deur-geloop*.

deurlóop: *ek deurloop 'n kursus*, *het 'n kursus deur-loop*.

vóórspel: *ek spel hom die woord voor*, *het hom die woord voorgespeel*.

voorspél: *ek voorspel reën*, *ek het reën voorspel*.

§ 200. Die volgende ww. is *altyd onskeibaar*:

1. Die wat uit twee ww. gemaak is, b.v.:
flikflooï, ginnegaap (Kyk § 238).
2. Ww. gemaak van snw. wat reeds samegestel is, b.v.: *waarborg, werskaf*.
3. Die ww. *beeldhou, liefkoos, loënstraf, raadpleeg, vrywaar, waarsku, kniehalter*.

C Vergelyking.

§ 201. Daar is twee soorte woorde, wat as gevolg van vergelyking 'n buiging kan ondergaan, nl. byvgl. naamwoorde, en party bywoorde; ook vier onbep. telw., nl : *baie, veel, min, weinig*.

§ 202. In hierdie vergelyking is daar *drie grade* of *trappe*, waardeur ons te kenne gee dat 'n hoedanigheid meer of minder sterk is. Ons noem hulle:

1. die *stellende* trap: *Hierdie tuin is mooi.*
2. die *vergotende* trap: *Daardie tuin is mooier.*
3. die *oortreffende* trap: *Die tuin daar ver is die mooiste van die drie.*

Die *stellende* trap noem net die hoedanigheid sonder om dit met ander dinge te vergelyk; die *vergotende* trap dui aan dat die een ding die hoedanigheid in groter mate besit as 'n ander ding; en die *oortreffende* trap gee te kenne, dat 'n ding sekere hoedanigheid in die grootste mate besit.

OPMERKING. As by vergelyking van twee dinge blyk, dat hulle 'n sekere hoedanigheid in gelyke mate besit, dan druk ons dit uit deur die woorde *so*, *net so*, *ewe*, wat verder gevolg word deur die woordjies *soos* of *as*. B.v.: *so groot soos (as) 'n hand; net so slim as (soos) 'n mens; ewe swaar as die ander een.*

§ 203. Die *vergotende* trap word gevorm deur aanlassing van *—er*, die *oortreffende* deur *—ste*, agteraan die *stellende* trap; b.v.: *soet, soeter, soetste; dik, dikker, dikste.*

In party gevalle word die *vergotende* trap uitgedruk met *meer*, en die *oortreffende* trap met *mees* voor die *stellende* trap te sit. Op dieselfde manier kan soms 'n *verkleinende* en *kleinste* trap gemaak word deur *minder* en *mins* voor die *stellende* trap te gebruik; b.v.:

*tevrede — minder tevrede — mins tevrede*¹⁾.

N.B. Dat in 'n geval soos *dik, dikker* die *k* verdubbel, en in 'n geval soos *groot, groter* die *oo* in *o* verander word, is nie 'n reël vir die *vergotende* trap nie, maar slegs 'n spelreël.

§ 204. As en *dan*.

Die *vergotende* trap word met die tweede lid van die vergelyking verbind deur die voegw. *as*; b.v.: *Jan is ouer as Piet*. Party mense sê in dié geval *dan* in plaas

¹⁾ Vgl. Frans: comparatif de *supériorité*, d'*égalité* en d'*infériorité*.

van *as*, wat volgens die S. A. Akademie nie die beste vorm is nie. As die woord *as* al in die sin gebruik is, dan word die verbinding met *dan* nodig, om nie twee keer agtermekaar *as* te kry nie; b.v.:

Jou vriend is bekwaam as pianis dan a s violis.

In die geval van 'n gelykheid (met die voegw. *ewe*) word *ewe* in 'n dergelike sin verander in *en*; b.v.:

Jou vriend is ewe bekwaam as pianis en a s violis.

§ 205. *Besonder reëls vir —er.*

1. Bnw. wat eindig op *d*, *f* of *g*, word in die vergrotende trap net so behandel soos die verboë vorm op —e (Kyk § 152). B.v.: *breed — breër; doof — dower; dof — dowwer; hoog — hoër.*

2. Bnw. wat op *r* eindig, kry in die vergrotende trap —der in plaas van —er; b.v.:

swaar — swaarder; bitter — bitterder.

§ 206. *Onreëlmatige trappe van vergelyking.*

Die volgende bnw. het in hulle trappe die een of ander onreëlmatigheid:

Stell. tr.	Vergr. tr.	Oortr. tr.
<i>goed</i>	<i>beter</i>	<i>beste</i>
<i>sleg</i>	<i>slegter</i>	<i>slegste</i>
<i>baie, veel</i>	<i>meer</i>	<i>meeste</i>
<i>min, weinig, bietjie</i>	<i>minder</i>	<i>minste</i>
<i>vroeg</i>	<i>eerder</i>	<i>eerste</i>
<i>laat</i>	<i>later</i>	<i>laaste</i>
<i>nuut</i>	<i>nuwer</i>	<i>nuutste</i>
<i>ru</i>	<i>ruwer</i>	<i>ruuste</i>
<i>kwaad</i>	<i>kwater</i>	<i>kwaadste</i>
<i>siek</i>	<i>erger</i>	<i>ergste</i>
<i>naby</i>	<i>nader(by)</i>	<i>naaste(by)</i>

OPMERKING. *Vroeg* het ook *vroeër, vroegste*. Die attributiewe vorm van *nuut* is *nuwe*. *Kwaad* beteken driftig en moet onderskei word van *kwaai, kwaaiër, kwaaieste*, wat 'n permanente hoedanigheid uitdruk. *Siek* neem ook *sieker, siekste* en ook nog *slegter, slegste*. Op die end van 'n reël word *ruuste* afgebreek *ru—ste*; kyk § 265, b.

§ 207. *Ontbrekende trappe.*

Die volgende bywoorde het geen vergrotende trap nie, terwyl hulle oortr. trap nie langer bywoorde is nie, maar bvgl. naamwoorde.

onder — *onderste*
bo — *boonste*
binne — *binneste*
buite — *buitenste*
voor — *voorst*
agter — *agterste*

Die volgende het net 'n oortr. trap:
middelste; uiterste.

§ 208. Oortreffende trappe as bw. van graad.

Enkele oortr. trappe word as bw. v. graad gebruik. In daardie geval gaan hulle nie op —*ste* uit nie, maar op —*s*; b.v.: *hoogs onaangenaam; mees elementêr; mins kosbaar; uifers leersaam.*

§ 209. Gebruik van *meer* en *mees*.

Meer en *mees* word gebruik:

1. By bnw. op —*e*; b.v.:
meer tevrede; mees bewoë.
2. By volt. deelw. wat as bnw. gebruik word:
meer geseënd; mees geëerd.
3. Bnw. wat reeds op *s*, of in die attr. vorm op —*ste* uitgaan, neem dikwels *mees* in die oortr. trap:
die mees woeste tonele;
die mees vaste grondslae.
4. As twee eienskappe van een en dieselfde persoon of ding met mekaar vergelyk word, vereis die vergrotende trap die woord *meer*:
Hierdie boek is meer onderhoudend as leersaam.
Daardie uniform is meer mooi as doelmatig.

OPMERKING. Die trappe met *meer* en *mees* kan genoem word *trappe van meerderheid*. Op dieselfde manier kan ons egter ook *trappe van minderheid* vorm deur middel van *minder* en *mins*; b.v.: *minder tevrede; mins bewoë; minder goed; mins bevredigend; ens.*

§ 210. Volstreckte oortreffende trap.

Soms word die oortr. trap gebruik sonder 'n idee van vergelyking, maar net om 'n hoë graad van 'n hoedanigheid te kenne te gee. Dit noem ons dan die *volstreckte oortreffende* trap. Dit word gevorm:

1. Deur voor die bnw. 'n woord soos *aller-*, *uifers*, *ten uiterste*, *ten hoogste*, *hoogs*, *mees*, ens. te plaas. Van

hierdie woorde word *aller-* met die bnw. tot 'n woord verenig:

Sy is 'n allerliefste vrou. Hy was uiters verbaas, hoogs ontevrede, ten hoogste voldaan. Hy is 'n mees geraffineerde skelm.

2. Deur *op* met 'n besitl. vnw. voor die oortr. trap van die bnw. te plaas; b.v.: *op sy beste; op ons versigtigste.*

§ 211. Bnw. sonder trappe van vergelyking.

Party bnw. kan weens hulle betekenis geen trappe van vergelyking hê nie. Hiertoë behoort:

1. Die stoflike bnw. soos *yster* ('n *yster wil*); *koper* ('n *koper voorhoof*); *goue*, *lakense*, ens.
2. Bnw. wat van *snw.* gemaak is, b.v.: *Afrikaanse*, *vaderlandse*, *prowinsiaal*, *Sjinees*, *Australies*, ens.
3. Bnw. wat reeds iets volkomens uitdruk; b.v.: *dood*, *volstrek*.
4. Die wat 'n *tyd* of *plek* noem; b.v.: *driejarig*, *sondags*, *Durbanse*.
5. Die wat self al 'n vergelyking maak; b.v.: *suikersoet*, *sneeuwit*, *bloedrooi*.
6. Die wat alleen *predikatief* kan gebruik word (Kyk § 155).

§ 212. Tabellariëse Oorsig oor die Woordbuiging.

a.

BUIGING.	{	verbuiging (snw., vnw. en bvgl. w.)	weens	{	geslag getal vorm (= naamval)
		vervoeging (ww.)	weens	{	vorm wys tyd (pers. en get. nie in Afr. nie)
		vergelyking (bvgl. w. en bw.)	weens		verskil in graad

b. Verbuiging:

1. GESLAG	{	besielde	{	mnsl.,	vnw. <i>hy</i>
		wesens	{	vrl.,	„ <i>sy</i>
		onbesielde	{	gem. sl.,	„ <i>hy</i> of <i>sy</i>
		dinge:			onsydig, vnw. <i>dit</i> of <i>hy</i>

2. **GETAL: Enkelv. en Meerv.**

3. VORM	{	van snw.	{	noemvorm
(naamval)		van vnw.		besitvorm
				onderw.vorm
				voorw.vorm

c. **Vervoeging:**

1. VORM { Bedrywende
Lydende

2. WYS { Aantonende
Wensende
Voorw.like
Gebiedende

3. TYD { Teenw.
Verl.
Toek.
Voorverl.
Verl. toek.

4. NW.LIKE { as snw.: **Infin.**
VORME { as bnw. { onvolt. deelw.
volt. deelw.

d. **Vergelyking:**

TRAPPE: { stellende
vergroten
oortreffende